# Hey!Brokkies Nuus 29 Junie 2012

**Spreuke 16:1, 9 "n Mens kan sy voornemens hê, maar die laaste woord daaroor kom van die Here af.'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop." Ons het hierdie maand weer eerstehands ervaar hoe God bepaal hoe Hey! die pad moet loop en dat Hy altyd die beste weet! ..en sommer baie vinnig beweeg as Hy dit so wil !**



Bonnytoun se netjiese geboue wat die verhoor -afwagtende seuns huisves.

**Bonnytoun detensie sentrum :**

Vanessa se Bybel klasse bring die boodskap van HOOP, vergifnis en genade deur Jesus se kruisdood aan hierdie stukkende seuns. Wees saam **opgewonde oor baie van hulle wie 'n keuse vir Jesus gemaak** het na afloop van die lesse!! Danksy **donasies** van kinders van Potch kon **Bybels** gegee word aan hulle-baie dankie! Hey! help met reël van sprekers/predikers wie hier kan bedien. Op Jeugdag bring **Willem Williams** wie self in die tronk was en radikaal tot bekering gekom het sy **getuienis van hoop** aan die seuns van Bonnietoun en daag hulle uit "wil JY ook verander?" **Jannie Marais** wie ook in Pollsmoor bedien **wys 'n film, motiveer en bemoedig** die seuns. Dis verblydend om te sien hoe die Here mense met 'n passie vir seuns soos hierdie oprig om hier betrokke te raak! (Spreuke 16)




Dankie!! Bybels vir Bonnytoun

**2. Belinda doen Vakansie Bybelskool:** Dit duur van 25 tot 29 Junie by EG Kerk Benoni. Die tema is **"Skattejag"** en sowat 36 kinders waaronder 14 kinders van Colin kinderhuis. Baie van die kinders ervaar baie hartseer en pyn! Bid dat die Here werklik met elke kind teenwoordig 'n pad sal stap en die wat Hom nog nie ken nie, **Hom sal vind soos wat gedelf word in die Skatkis van die Lewe/Bybel!**



Trots op hul handwerk-skatkis by Bybelskool




Opkomende "akteurs"by Lochies!

**3.Lochnerhof se entoesiastiese akteurs!:** Dis met dankbaarheid dat ons kan getuig van die entoesiasme en passie van die groepleiers wie die Bybellesse by Lochnerhof aanbied. Hulle het verskillende **groepsessies in die saal gereël waar van toneelspel en musiek gebruik gemaak is**-waarvan hulle self die akteurs was-tot almal se verbasing en vermaak. "WELL DONE!" julle, die kinders(en ons) is bevoorreg om julle as leiers te hê…

Lochies geniet die prettige program van die groepleiers





Nog so klein maar hulle dans spon-taan vir die Here ♥

**5.Bedieninge (en 'n paar foto's wat 'n storie vertel) :Net om op hoogte te bring van weeklikse bedieninge:**

**1.Beaumont laerskool (Somerset-Wes):** 11 klasse (327 kinders)
**2.Lochnerhof laerskool (Strand):** 29 klasse (783 kinders)
**3.Lawrencia laer(De Novo):** 9 klasse (440 kinders)
**4.Pêrelprojek se plaaskinders (Somerset-Wes)**: 1 les (40 kinders)
**5.EG Kerk (Benoni):** 1 les (12 kinders)
**6.De Hoop laerskool (Somerset-Wes):** 1 les (40 kinders)
**7.Somerset-Wes Primêr (Somerset-Wes):** 1 les (45 kinders)
**8.Bonnytoun(Kraaifontein/De Novo):** 2 lesse & Sondae (74 kinders)



Die Heilige Gees is soos 'n sambreel:Bybel-lees-is-pret



Lochies ☺



De Hoop hou lekker party na kwartaal van Kids Games!

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee!**

**Celeste Steinmann**
**082 322 5299**